# KERSFEES: Jesus skattejag 1

## Instruksies:

Om hierdie avontuur te begin kry jou Bybel en kamera. Lees die Verhaal van Jesus se geboorte hardop vir jou familie soos gevind in Lukas 2:1-20 en Matt 2:1-2. Wanneer julle daarmee klaar is lees elke Bybelvers en leidraad soos op hierdie lys, gaan soek dit en merk dit af soos julle klaar is daarmee. Vir 'n 'twist' neem 'n foto van dit wat julle vind, of laat die kinders 'n prentjie daarvan teken.

**Leidraad 1:** Lees Lukas 2:7

Soek iets sag en warm soos in hierdie versie.

**Leidraad 2:** Lees Luk 2:8

Soek iets sag en wollerig soos die diere in hierdie versie.

**Leidraad 3:** Lees Luk 2:9

Soek iets wat julle aan die engele in hierdie versie laat dink.

**Leidraad 4:** Lees Luk 2:15

Soek iets wat die skaapwagters sou gebruik het of aangetrek het toe hulle gegaan het om Jesus te sien.

**Leidraad 5:** Lees Luk 2:19 (1933 vertaling)

"Maar Maria het al hierdie woorde bewaar en in haar hart oordink"

Soek iets in dieselfde vorm as waar Maria dit wat gebeur het oordink het.

**Leidraad 6:** Lees Matt 2:9

Vind iets in dieselfde vorm as dit wat die wyse manne na Jesus toe gelei het.

**Leidraad 7:** Lees Matt 2:11

Kyk of julle drie goed kan vind wat julle laat dink aan die drie geskenke wat die wyse manne vir Jesus gebring het.